

Stry biddend saam

In diens van Christus Jesus roep Paulus die heidennasies om aan Jesus Christus gehoorsaam te wees. As deel van sy dienswerk gaan hy na Jerusalem met die liefdeskollekte vir die arm Christene, maar die gevaar is groot. Die Jode soek sy bloed. Deur hulle probeer Satan keer dat die evangelie versprei.

Daarom kom die oproep van Paulus: Stry saam met my! Kom staan langs my. Veg saam met my, nie deur saam na Jerusalem te reis nie, maar wel deur geestelik te baklei – in gebed. Roep God aan, God wat alles beheer. Vra Hom om te sorg dat die dienswerk van sy geroepe dienaar voltooi word!

By hierdie gebed wil ek en jy elke dag aansluit. Ons Here Jesus roep steeds mense om sy genade te versprei. Sy koninkryk is steeds op die uitbreidingspad. Hy gee steeds dienaars aan sy kerk om ons toe te rus om saam met ons Vader te leef. Satan is egter ook aktief. Saam met sy trawante probeer hy ons Here se dienaars verongeluk en die Here se oorwinning te keer. Om die rede dink ons aan die ouderlinge, diakens en predikante in ons gebede!

Hoekom wil en kan jy dit doen? Omdat die Gees jou jou medegelowige wat dien, laat liefkry. Omdat jou Eienaar wat duur vir jou betaal het, jou roep om saam te stry. Uiteindelik doen jy dit omdat jy weet die oorwinning is gewaarborg. Die Aanvoerder in die stryd is die Ruiter op die wit perd, die Getroue en Betroubare (Op. 19:11), ons Here Jesus Christus!

Sing: Skrifberyming 14-3:2, 4

Ds Pieter Kurpershoek (Postmasburg)